

25 Junie

Skrifgedeelte: Lukas 8:11-15
Fokusgedeelte: Lukas 8:15

Die saad van die Woord

Natuurlik is hierdie seker een van die bekendste van ons Here Jesus se gelykenisse. Lukas beklemtoon vir ons heel eerste dat die reaksie op die verkondiging van die evangelie nie met die saad te doen het nie. In vers 11 hoor ons baie duidelik: “Die saad is die woord van God.” Hoe duidelik getuig die Bybel oor die woord van God in Psalm 19:8: “Die woord van die Here is volmaak: dit gee lewe.”

Die reaksie op die woord van God het dus te make met dié wat daarna luister. En in ons teks hoor ons duidelik dat luister na die woord van die Here met jou hart te make het. Ons kry hier met vier tipes harte te doen. Mense gaan verskillend reageer as ons met hulle oor die Bybel praat, maar in al vier gevalle val die woord op mense se harte.

En is dit nie die plek waar dit behoort te val nie? Ons hoor juis in Spreuke 4:23: “Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.” In so baie harte sien ons egter die eerste drie reaksies. Daardie persoon by die werk wat hom nie eers steur aan jou Bybelse standpunt nie. Daardie persoon wat ons innig jammer kry, omdat die geringste beproewing die persoon teen die grond slaan. Daardie persoon wat stadig maar seker deur die wêreld verstik word.

Dank die Here vir opregte harte waarop die woord ook val. Lukas beklemtoon hier ’n ander kant as wat Matteus (13:23) doen. Ons Here Jesus beklemtoon vir ons hier hoe ons die woord moet bewaar en hoe ons vrugte deur volharding moet dra. “Volharding is wat ons nodig het om die wil van God te doen ...” hoor ons in Hebreërs 13:36.

Gaan ons volhard in goeie werke en in ons saai van die Woord van God?

Sing: Skrifbelyning 8-1:1

Ds. W (Werner) van den Heever (Vryheid)